# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (24/14)

*Justin Chadwick (27 Junie 2014)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "I fear the day that technology will surpass our human interaction. The world will have a generation of idiots" Albert Einstein***

## AMBASSADEURS BESOEK DIE SITRUSBEDRYF

Met die EU Ambassadeur (Nederland), die Spaanse Ambassadeur en die Nederlandse Landbou Raadgewer almal saam was die een onderwerp waaroor daar nie gesels is nie, die Wêreldbeker Sokker!! Die drie hooggeplaastes saam met die EU afgevaardigde (Riaan De Lange), die Spaanse Ekonomiese Raadgewer (Emilio Calvo) en die Italiaanse Kommersiële Attaché (Gerardo De Maio) is deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF), Direktoraat Internasionale Betrekkinge en Samewerking (DIRCO) en die CGA genooi om Rosle Boerdery in Groblersdal te besoek. Charles Rossouw en sy personeel was die perfekte gasheer, en na 'n vroeë begin (ontmoet om 06:15 in Pretoria waar dit $1^0$C was), 'n lekker koppie koffie en iets om te eet is die afvaardiging blootgestel aan 'n magdom van vereistes, sertifiserings en oudits wat benodig word om 'n wêreldklas uitvoerder te wees en te bly. Daar is nie 'n vervanging vir hande om te demonstreer om werklik te sien wat gedoen word nie – jy kan vir ure verduidelik wat gedoen word; as jy dit egter sien is dit meer duidelik en verstaanbaar.

Nadat al die dokumentasie en administrasie wat benodig word om aan uitvoervereistes te voldoen gesien is, het die groep die chemiese store geïnspekteer en 'n spuitmasjien in die boorde beleef. Terwyl hul in die boorde was, is daar eerstehands gesien hoe vrugte geselekteer word vir die ethephon toetse; bykomend tot die plukkers wat met hul werk voortgaan. Dit het gebeur terwyl Ambassadeurs Van de Geer (EU) en Sell (Spanje) aanmekaar vrae gevra het – gelukkig was Dr Hennie le Roux van CRI daar om die tegniese vrae te beantwoord, terwyl Mooketsa Ramasodi, Julian Jaftha, Mashudu Silimela en Salamina Maelane van DAFF die vrae oor regulatoriese aspekte en inspeksies kon antwoord.

Die pakhuis was die hoogtepunt vir die besoekers – met die pakkery wat in volle swang is, kon die gevorderde tegnologie in aksie beleef word, terwyl die werksgeleenthede wat deur 'n uitvoer-pakhuis moontlik gemaak word, duidelik was. Die PPECB inspekteur was daar om sy rol in die fitosanitêre en gehalteversekering te verduidelik. Die groep het ook die volgende stappe van die ethephon toetsing van die vrugte vanaf die boord gesien – doop van vrugte in ethephon en die twee weke opberging. Weereens was die administrasie in die pakhuis werklik indrukwekkend – soos ook die inligting wat op die besigheidskant van die karton beskikbaar is, asook die palet-identifikasies.

Lara Swart van DIRCO moet bedank word vir die reëlings van die toer – sy het onverpoos gewerk om 'n verteenwoordigende groep saam te stel. Haar kollegas Marcella McMenamin en Mapeete Mohale het ons vergesel tydens die reis en verseker dat ons, ons gedra!!

Dit was 'n geleentheid om te wys dat die bedryf totaal en al verbind is tot die beheer van CBS – uitgebreide maatreëls, prosedures en kontroles is in plek. Dit moet lei tot 'n dramatiese afname in die aantal onderskeppings in die EU. Oppad terug na Pretoria het Ambassadeur Van de Geer opgemerk dat hy beindruk is deur die samewerking tussen die regering (DAFF, DIRCO en PPECB) en die bedryf (CGA en CRI). Hy is vol vertroue dat hy kan rapporteer dat Suid-Afrika ernstig is oor die nakoming van die EU se vereistes.

## ETHEPHON TOETSING

Niemand het gesê dit sal maklik wees nie!!! Met baie boorde wat getoets moet word in 'n kort tyd gaan daar frustrasie en ongelukkighede wees. DAFF werk onverpoos om die taak gedoen te kry en PPECB se beurt begin binnekort. Almal moet saamwerk om die vrugte aan die beweeg te hou. Produsente het besef dit is nie net 'n EU vereistes nie, maar ook 'n geleentheid om hul eie risiko te bestuur.

Die onsekerheid oor die datum van implemetering is 'n bekommernis – verskeping is nie 'n presiese wetenskap nie en daar is kommer dat vrugte in die EU kan aankom sonder die nodige sertifisering. Saam met enige nuwe reëls is daar tandkry probleme; daar word gehoop dat daar aanpasbaarheid sal wees oor die aankoms in Europa.

## GEPAK EN VERSKEEP

Met 2.9 miljoen kartonne wat nou gepak is (aanvanklike skatting 2.7 m) het die sagte sitrus fokusgroep hul skatting met 14% verhoog. Die Valencia- en Nawelfokusgroepe het ook vergader en besluit om hul voorspellings onveranderd te laat.

| Tot Week 26 **Miljoen 15 Kg kartonne** | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2012 | 2013 | 2014 | 2013 | 2014 | 2014 | 2014 | 2013 |
| Pomelo's | 8.9 m | 12.5 m | 11.2 m | 10.8 m | 9.1 m | 16.5 m | 14.4 m | 17.9 m |
| Sagte Sitrus | 5.1 m | 5.3 m | 6.2 m | 4.7 m | 5.3 m | 9.2 m | 10.5 m | 8.4 m |
| Suurlemoene | 5.2 m | 6.9 m | 8.1 m | 6.2 m | 6.9 m | 12.1 m | 12.3 m | 10.6 m |
| Nawels | 14 m | 13.4 m | 11.4 m | 8.9 m | 8 m | 25.8 m | 25.8 m | 25.4 m |
| Valencias | 3.9 m | 2.8 m | 2.7 m | 1.3 m | 0.8 m | 49.5 m | 49.5 m | 51.4 m |
| Totaal | 37.1 m | 40.9 m | 39.6 m | 31.9 m | 30.1 m | 113.1 m | 112.5 m | 113.7 m |